# Bestuursopsomming

## Chemiese saadbehandeling van canola en lupine vir die beheer van saailingsiektes en insekte

Onegalige vestiging / oorlewing van Canola is ge-identifiseer as 'n belangrike rede waarom Canola opbrengste tans nie aan die verwagtings voldoen nie. Saailingsiektes en insekteskade is een van die moontlike oorsake vir swak vestiging / oorlewing, maar geen chemiese saadbehandelingsmiddels is tans in die RSA vir die beheer daarvan geregistreer. Die doel van hierdie studie is dus om die effektiwiteit van twee middels nl. Cruiser® en SA-kombinasie te toets met die oog op moontlike registrasie en/of aanbevelings aan die invoerders van Canola saad.

In 'n reeks van eksperimente waarin onbehandelde (kontrole) cv Varola 44 saad vergelyk is met saad wat teen 0.5 x, 1.0 x en 2.0 x die aanbevole dosisse van bogenoemde middels behandel is, is aspekte soos die moontlike fitotoksisiteit van die middels in die afwesigheid van patogene in inkubasie en grondstudies ondersoek. Die effektiwiteit in die algemeen en teenoor spesifieke patogene is onder gekontroleerde (glashuis) toestande asook onder veldtoestande getoets.

Aangesien hierdie studie ook ter verkryging van 'n nagraadse kwalifikasie (Me De Villiers) aangewend sal word, word die resultate opgeskryf in die vorm van 'n tesis (wetenskaplike publikasies). Die eerste hoofstuk (publikasie) wat handel oor die inkubasiestudies, is reeds voltooi en word by die vorderingsverslag aangeheg. Verdere hoofstukke (publikasies) oor aspekte soos die effektiwiteit in grondtoestande en onder veldtoestande, sal na voltooiing ingedien word. In die algemeen kan egter reeds op hierdie stadium genoem word dat resultate wat onder glashuistoestande behaal is, daarop dui dat albei middels waarskynlik met sukses gebruik sal kan word.

Ongelukkig was die veldeksperimente weens droë toestande in die Swartland en slakskade in die Suidkaap nie baie suksesvol en sal dus herhaal moet word. Met die oog op moontlike registrasie en weens verskille ten opsigte effektiwiteit in grond van verskillende lokaliteite, sal veldeksperimente met meer cultivars en op meer lokaliteite herhaal moet word. Selfs al sou geen registrasie verkry word en behandelde saad ingevoer word, sal dit steeds belangrik wees om te weet watter middels is effektief. Met die oog hierop word versoek dat projekperiode verleng met 'n verdere twee jaar en word 'n bedrag van R136 804 aangevra vir 2005.